

### Is God nog aan die stuur van sake?

"Hoekom gaan party mense dood aan Covid, maar ander mense oorleef?" "Het God hulle lewe se strepies getrek?" Hierdie tipe vrae is deesdae volop. Wel, daar is geen abstrakte gesprek aan die gang in die Bybel oor hoekom God die dood partykeer toelaat en ander kere nie. Of oor getrekte strepies nie. Deur die eeue heen het die kerk egter vasgeval in sulke gesprekke, wat rondom die Christendom afgespeel het oor die noodlot, voorsienigheid, en dies meer. Van toe af is gelowiges met vrae gekonfronteer, wat die Bybel glad nie leer of vra nie. Veral in die Nuwe Testament val die klem op ons geloofsverhouding met God, wat nooit deur die dood opgehef kan word nie. Hoor asseblief weer: die klem val nie hier op die sterfdatums van individue nie, maar op Christus! In die taal van [Romeine 14](#) leef en sterf alle gelowiges in Christus. Hy is ons hoop wanneer ons lewe én wanneer ons sterf. Of die dood wreed, verwags of onverwags gebeur, dit is geen verleentheid vir God of skaakmat vir onself nie. Die vraag van die Nuwe Testament is daarom nie of mense se strepies getrek is nie, maar of enigiets ons kan skei van God. Dit is dié vraag, wat ons moet vra. In [Romeine 8:31 - 39](#) noem Paulus alle moontlike opsies op, wat die potensiaal het om dit te doen, soos vervolging, hongersnood, geweld en die dood. Sy antwoord is egter glashelder: Niks kan ons van God se liefde skei nie. As ons dit nie snap nie, gaan ons vasval in rasonale vrae en halfgebakte verklarings oor hoekom God sekere sterftes toelaat en andere nie. Of in clichés soos: "Toemaar, jy sal later verstaan." Glo eerder [Romeine 8](#) se geloofsverklaring: "Niks kan ons skei van die God se liefde in Christus nie." O ja, dit geld ook vir hierdie wrede virus.

deur Stephan Joubert

### Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- \*Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- \*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- \*Bid vir mense wat COVID-19 het
- \*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- \*Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- \*Bid vir Tannie Marinda Jordaan-bid vir volle genesing
- \*Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN

Wees soos Jesus, 'n lig vir mense in hierdie wêreld  
Mattheus 5:14

### God se aandeel...

Hy help ons...

Hy beskerm ons(skil) ....

Hy dink aan ons...

en Hy seën ons

Hy kies ons voor ons kan kies – Joh. 15:16

Hy was nog altyd getrou

Ons is in Sy gedagtes (deel van Sy planne)

Hy wil ons seën!

### Onthou om te onthou . . .

[Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .](#)

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

### Gedagte vd week

God se hand is nie vanoggend te kort om uit te strek na jou nie. Roep Hom aan in jou situasie! Hy sal jou uithelp maar jy moet Hom Eer.